Wêreldbekendstelling

Van voor af lyk die Disco 4 baie soos sy grootboet, die Range Rover.

Links: Terrain Response ... Draai die knop na gelang van die oppervlaktoestand (modder, sand, gras of rotse,) kies laestrek en siedaar.



Danksy vyf kameras kan jy reg rondom die voertuig sien.

Whaoo! vir dié enjin met skop

Vervolg van bl. 4.

En wat gaan onder die enjinkap aan? Wel, daardie nuwe 3 liter-dieselenjin met sy twee turbo-aanjaers, wat meer as 'n indruk op die nuwe Jaguar gemaak het, vind sy weg na die nuwe Disco toe. En wat kan 'n mens sê behalwe whaoo!

Dié oliebrander skop 196 kW uit met wringkrag van 600 Nm waarvan 500 Nm reeds millisekondes ná wegtrek beskikbaar is.

Met die twee turbo's, waarvan een laag onder in die toerebestek begin werk, voel jy geen turbotraagheid nie en is daar 'n lekker skop in die rug as jy die lepel plat trap. Geen wonder dat dit net rondom 9 s duur om 100 km/h te haal nie.

Die enjin is nie net kragtiger (+26%) met meer wringkrag (+34%) as die 2,7 literkragbron wat dit vervang nie, maar ook meer ekonomies (-9%). Dit laat ook minder skadelike uitlaatgasse (-9,7%) vry.

'n Mens is nie lank agter die stuur van dié model voordat jy besef dat dit geen mededinger in die dieselklas het nie.

Wat die petrolenjin betref, maak die 4,4 liter-V8 plek vir die nuwe 5 liter-V8. Dieselfde storie hier. Kragtiger, vinniger, meer ekonomies en minder skadelik vir die omgewing. Die enjin skop 300 kW uit met wringkrag van 510 Nm.

Die dieselenjin sal die gewilde keuse in die nuwe reeks wees. Land Rover Suid-Afrika sê dit sal in al drie afwerkingsvlakke (S, SE en HSE) beskikbaar wees. Die V8 sal net in die topvlak-HSE te kry wees.

Wat die nuweling plaaslik gaan kos, weet ons nog nie. Dat dit 'n verbetering op 'n reeds uitstekende voertuig is, is gewis.

■ **Volgende week vertel ons meer oor die gekuurde Range Rover Sport.**